

WILLEM FREDERIK MONDRIAAN: 'N BIOGRAFIESE SKETS

deur Jan-Karel Bosch¹

Willem Frederik Mondriaan is gebore op 10 Mei 1874 in Amersfoort, Nederland as die derde kind en tweede oudste seun van Pieter Cornelis Mondriaan (Den Haag, 18 Junie 1839 – 10 Februarie 1921, Arnhem) en Johanna Christina de Kok (Den Haag, 16 Junie 1839 – 8 Januarie 1909, Arnhem).

Pieter Cornelis was van beroep onderwyser en het sy opleiding gekry aan die “School van Groen” te Den Haag, een van die eerste privaat skole vir Christelike Nasionale Onderwys in Nederland en vernoem na Guillaume Groen van Prinsterer (1801-1876)², ‘n kampvegter vir die stigting van hierdie skole en ‘n skoolbestuurslid van die betrokke skool (die skool was geleë te Nobelstraat 13, Den Haag). Na sy opleiding werk Pieter Cornelis hier van 1864 tot die voorjaar van 1869 as assistent (hulp) onderwyser, maar gee in die tyd ook privaat onderrig in Frans en Nederlands vir die kinders van welgestelde, hoofsaaklik adelijke Haagenaars. Ook in die tyd verwerf hy die bykomende kwalifikasie van “hoofdonderwyser” (skoolhoof). Hy was ook gekwalifiseer vir die gee van klas in “tekene” (kuns). In 1869 word hy aangestel as skoolhoof van die nuut opgerigte Skool vir Christelike Nasionale Onderwys in Amersfoort, ‘n skool wat goed ondersteun was deur christelik gereformeerde en ortodoks-hervormde kerklidmate. By opening was daar 110 leerlinge en was dit een van die groter skole in Amersfoort. Hierdie skool was geleë in ‘n verboude woonhuis met adres Kortegracht 11³. Die gesin Mondriaan was woonagtig in ‘n gedeelte van die gebou wat as koud en vogtig beskryf is. Pieter Cornelis was spoedig aktief betrokke by die politieke en godsdienstige lewe van die groeiende stad. Soos reeds genoem was hy ‘n sterk ondersteuner van die reeds genoemde anti-rewolusionêre politikus Guillaume Groen van Prinsterer wie ‘n sterk invloed op hom gehad het,

¹ Agterkleinseun van Willem Frederik.

² Guillaume Groen van Prinsterer (Voorburg, 21 Augustus 1801-19 Mei 1876, Den Haag). Bekende politikus in Nederland in hierdie jare. Was die inspireerder en aanvoerder van die sogenaamde anti-rewolusionêre beweging wat ‘n voorstaander was van ‘n sterk protestants Christelike nasionale identiteit vir Nederland onder leiding van die koninklike Huis van Oranje as samebindende element.

³ Tans die Mondriaanhuis, ‘n museum en kunssentrum ter ere van Willem Frederik se ouer broer, die bekende skilder, Piet Mondriaan (Mondrian) (1872-1944). Beide Piet en Willem Frederik is in hierdie huis gebore.

veral in die tyd van sy opleiding as onderwyser maar ook daarna, en Dr Abraham Kuyper (1837-1920)⁴, 'n goeie vriend van hom wie later Eerste Minister van Nederland was. Pieter Cornelis was 'n voorstaander van 'n sterk Christelik protestantse inslag in die onderwys. So was hy 'n sterk aanvoerder van die beweging teen die sogenaamde "Schoolwetverbond" wat 'n vryer onderwysstelsel voorgestaan het. Weens sekere terugslae teen sy opvattinge en 'n gevoel dat hy nie genoegsame ondersteuning kry van die skoolraad nie, voel Pieter Cornelis dat hy eerder Amersfoort wil verlaat en in 1880 verkry hy met die hulp van Abraham Kuyper 'n aanstelling as skoolhoof van die Skool vir Christelike Nasionale Onderwys in die Ratumschestraat te Winterswijk, 'n klein dorpie in die provinsie Gelderland, nie ver geleë van die Duitse grens nie. Die skoolhoofwoning⁵ was geleë langs die skool maar die voorkant was aan die Zonnebrink, beskryf as een van die mooiste strate in Winterswijk. Dit was 'n groter en beter woning as die een in Amersfoort en hier het die gesin in heelwat meer gerief en in 'n aangenamer omgewing gewoon as wat die geval in Amersfoort was. In Winterswijk was Pieter Cornelis minder betrokke by die politieke en godsdienstige lewe as wat die geval in Amersfoort was. Hoewel hy die pos van skoolhoof daar vir 20 jaar sou beklee het hy in die tyd gereelde struwelinge met die skoolraad gehad wie hom by tye beskuldig het van 'n afstandelikheid teenoor ander. Daar het ook op 'n stadium 'n teenkanting teen hom ontwikkel omdat hy nie elke Sondag in die Kerk was nie maar eerder met sy gesin gaan wandel het en leerlinge nie gestimuleer is tot die bywoning van kategese nie. Dit was as 'n soort verraad beskou van iemand wat immers aan die hoof gestaan het van 'n Christelike skool. Herhaaldelik is die vertroue tussen skoolhoof en skoolraad egter herstel en was daar tog waardering vir sy bekwaamheid as onderwyser en sy uitgebreide kulturele kennis. Tydens sy periode in Winterswijk het Pieter Cornelis wel aansoek gedoen vir betrekkinge in Amsterdam, Rotterdam en Hilversum, maar was onsuksesvol hierin. Sy vriend, Abraham Kuyper, het talle kere vir hom betrekkinge buite die onderwys aangebied, naamlik eers by die koerant "De Standaard", waarvan

⁴ Abraham Kuyper (Maassluis, 29 Oktober 1837-8 November 1920, Den Haag). Volgelinge van Groen van Prinsterer en een van die stigters van die Anti-Rewolusionêre Party (ARP) wat beskou word as die eerste moderne politieke party van Nederland. Was 'n voormalige Hervormde predikant en hoofredakteur van die koerant "De Standaard", gestig in 1872. Was ook een van die stigters van die in 1880 opgerigte Vrije Universiteit te Amsterdam. Kuyper was 'n dominante persoonlikheid in Nederland in die laat 19de en vroeg 20ste eeu en was eerste minister van Nederland van 1901 tot 1905.

⁵ Tans die Museum Villa Mondriaan geleë te Zonnebrink 4. Dit is geopen in 2013 as 'n museum ter ere van Piet Mondriaan maar fokus meer op sy vormingsjare as kunstenaar as sy latere kuns.

Kuyper op 'n stadium hoofredakteur was, en later by die toe pas opgerigte Vrije Universiteit te Amsterdam, waarvan Kuyper een van die oprigters van was. Pieter Cornelis wou egter nie die onderwys verlaat nie en het dit in korrespondensie aan Kuyper duidelik gemaak. In 1900 was daar klagtes dat Pieter Cornelis begaafte leerlinge voortrek en nie voldoende aandag skenk aan minder begaafte leerlinge nie. Hierna raai die skoolbestuur Pieter Cornelis aan om vrywillig ontslag te neem. Op 14 Augustus 1900 versoek Pieter Cornelis die skoolraad om sy bedanking uit die onderwys te aanvaar, 'n versoek wat goedgekeur was met ingang 1 April 1901. Hierna verhuis Pieter Cornelis en Johanna Christina na Arnhem waar hulle woonagtig was aan die Graaf Ottoplein 2 tot hulle onderskeie afsterwes in 1909 en 1921. Hoewel Pieter Cornelis onderwys gegee het aan skole wat goed ondersteun was deur lidmate van die Geformeerde Kerk in Nederland was hy egter self nooit lid van hierdie kerkgroep nie, maar sy lewe lank lid van die Hervormde Kerk.

Wat die presiese oorsprong van die Mondriaan familie is, is nie heeltemal bekend nie. Wat wel bekend is, is dat 'n voorvader, Christiaan Dirkzoon (Dirckse) Monderyan ($\pm 1630-1697$) reeds rond 1660 in Den Haag woonagtig was (dit blyk dat hy ook "Munterjan" genoem was wat "vrolike Jan" beteken). Hy is ongeveer 1660 in Den Haag getroud met Antoinette Pauwels ($\pm 1635-1696$) en het twee seuns gehad, Adam (gebore ± 1668) en Willem, gebore te Den Haag in 1677. Dit is van hierdie Willem wat Willem Frederik afstam. Daar word vermoed dat die oorspronklike Mondriaan (of Monderyan) stamvader uit Frankryk afkomstig was. So meld Willem Frederik dit ook in sy "Herinneringe". 'n Interessantheid is dat Willem Frederik en die bekende Nederlandse skilder, Vincent van Gogh (1853-1890) gemeenskaplike voorouers het in die egpaar Vincent van Gogh (1674-1746) en Josina Bijlevelt (1676-1754), wie getroud is in Den Haag in 1696, en dus verlange familie is. Hierdie genoemde egpaar - van Gogh-Bijlevelt - was Willem Frederik se oor-oor-oorgroeijies. Die verbintenis met die Mondriaan familie kom deur hul kleindogter Hendrina Abdon (gebore 1759), die dogter van hul dogter, Josina van Gogh (1725-1806) en haar eggenote, Ferdinand Abdon. Hendrina is in 1782 getroud met Johannes Mondriaan (gebore 1759), die oorgroeitjie van Willem Frederik.

Willem Frederik se ouers, Pieter Cornelis en Johanna Christina, was beide afkomstig uit ou Den Haagse families.

Pieter Cornelis was 'n seun van Willem Frederik Mondriaan (Den Haag, 22 Januarie 1809-8 Januarie 1878, Den Haag) (na wie Willem Frederik, die skrywer van hierdie "Herinneringe" vernoem is) en Petronella Hendrika Verment (Amsterdam, 23 April 1811-6 Desember 1856, Den Haag). Hierdie egpaar is in 1836 in Den Haag getroud en het vyf seuns en twee dogters gehad. Die oudste seun, Willem Herman is op 18-jarige leeftyd oorlede, terwyl beide die twee dogters (Wilhelmina Petronella Hendrika en Veronica Johanna Gerhardina) op 'n jeugdige ouderdom, kort na mekaar, in 1847 oorlede is. Hulle vier oorblywende seuns het volwassenheid bereik, naamlik Pieter Cornelis (1839-1921), wie die onderwys as loopbaan sou kies en die vader van Willem Frederik was; Johannes Jacobus (1840-1901), in lewe 'n haarkapper en ook vir 'n tyd akteur; Dirk Ernst (1847-?), 'n boekhouer en ook aktief in die spiritistiese beweging – hy het selfs as medium opgetree en is in Egipte oorlede; en Frederik Hendrik (Frits) (Den Haag, 16 Maart 1853–16 Desember 1932, Rijswijk). Laasgenoemde sou bekendheid verwerf as landskapskilder, hoofsaaklik van die Haagse Bos by Den Haag, en het gereeld aan huis gekom van sy oudste oorlewende broer, Pieter Cornelis, veral in die Winterswijk jare. Willem Frederik senior was van beroep 'n haarkapper en pruikmaker en het 'n florerende besigheid gehad te Lange Poten 39 in die hart van die gegoede inkopiebuurt van Den Haag. Sy kliënte was hoofsaaklik uit die hoër klasse in die samelewing. Na sy dood is die besigheid oorgeneem deur sy jongste seun, Frederik Hendrik (Frits) (die landskapskilder) en nog later, vanaf 1909, deur Frits se seun, ook genaamd Frits. Die besigheid het in 1880 getrek na 'n nuwe perseel te Spuistraat 45, Den Haag en sou tot 1915 bestaan (dit is in 1887 aansienlik uitgebrei om ook ander artikels – onder meer badware, reisware, dasse, ensovoorts aan te hou).

Johanna Christina de Kok was die derde oudste kind van 'n taamlik welgestelde Den Haagse steenmaker Pieter de Kok (Den Haag, 6 April 1800-2 Desember 1846, Den Haag) en Anna Catharina Sneltjes (Nijmegen, 9 November 1804-?), getroud in Nijmegen in 1825. Dit is onbekend hoeveel kinders hierdie egpaar gehad het, maar naas Johanna Christina en ten minste nog 'n seun of dogter, het hulle 'n seun genaamd Louis Cornelis (1837-1876) gehad op wie Johanna Christina besonder gesteld was. Hy was 'n staatsamptenaar in Den Haag en ook Ridder in die Orde van die Nederlandse Leeu en Orde van die Eikekroon (laasgenoemde 'n Luxemburgse

orde: die Nederlandse Koning was in daardie jare beide Koning van Nederland en Groothertog van Luxemburg).

Pieter Cornelis en Johanna Christina is op 12 Mei 1869 in die bekende Kloosterkerk in Den Haag getroud. Die volgende jaar is hulle oudste kind en enigste dogter, ook Johanna Christina (Amersfoort, 5 Maart 1870-6 Februarie 1939, Rijsbergen) gebore. Sy is nooit getroud nie en het by haar ouers aan huis gewoon. Na die dood van haar moeder in 1909 was die versorging van haar bejaarde vader grootliks op haar skouers. Dit blyk dat sy die huis aan die Graaf Ottoplein by haar vader geërf het. Na sy dood in 1921 het sy vir 'n tyd loseerders ingeneem vir 'n inkomste. In 1936 verhuis sy van Arnhem na Breda waar haar jonger broer Carel (sien later) woonagtig was. 'n Tyd hierna verhuis sy na Rijsbergen waar sy in 1939 oorlede is.

Twee jaar na Johanna Christina, is Pieter Cornelis (Piet) (Amersfoort, 7 Maart 1872–1 Februarie 1944, New York) gebore as tweede oudste kind en oudste seun. Hy sou internasionale roem verwerf as kunsskilder. Hy begin sy loopbaan as kunsonderwyser en studeer later aan die Nasionale Akademie vir Kuns in Amsterdam. Hy sou op verskillende plekke in Nederland woon en verhuis later na Parys, Frankryk maar keer in 1914 weer terug na Nederland. In 1919 vestig hy hom egter permanent in Parys. In hierdie tyd lewer hy baanbrekerswerk as vestiger van die kunsbeweging “De Stijl”, later herdoop tot Elementarisme en nog later, rond 1930, tot Konkrete Kuns. In 1917 publiseer hy 'n reeks verhandelinge oor kuns, gepubliseer in Frans as “Le Neo-Plasticisme” en in Duits as “Die Neue Gestaltung”. Dit word steeds vandag as van die waardevolste en gesaghebbendste kunsgeskrifte beskou en is standaardwerke oor die abstrakte kuns. Dit was ook in hierdie jare wat Piet, soos hy algemeen bekend staan, sy van met een “a” (Mondrian) begin spel het. In 1938 verhuis hy na Londen en word deur die Duitse bombardemente op hierdie stad gedryf om te verhuis na New York waar hy op 3 Oktober 1940 arriveer. Hier lewer hy 'n aantal bekende skilderye en sterf op 1 Februarie 1944 in die Murray Hill-hospitaal te New York. Hy is begrawe in die Cypress Hills-begraafplaas te Brooklyn, New York. Hy was nooit getroud nie. Oor hierdie broer van hom skryf Willem Frederik:

“Het bericht van’t afsterven van myn broer de kunstschilder heft my natuurlik ook weer ‘n schok gegee. Hy was myn lievelingsbroer en vooral zyn onbaatzuchtig leven voor de kunst en zyn moedig kampen voor zyn opvattingen die vooral in het begin slechts door ‘n paar andere kunstvrienden werden begrepen, hebben steeds myn bewondering afgedwongen. Gelukkig heft hy eindelijk de voldoening gesmaak dat men zyn kunst heft leren op prys stellen.”⁶

Soos reeds genoem was Willem Frederik die derde kind en tweede oudste seun en is hy gebore in 1874. Hy was die enigste kind wat ‘n nageslag sou hê. Na hom was daar nog twee seuns. Louis Cornelis (Amersfoort, 8 Februarie 1877–18 Februarie 1943, Maarn) is vernoem na die broer van sy moeder en was, soos sy vader en twee ouer broers, opgelei as onderwyser. Hy het lank onderwys gegee in Amsterdam en was later, van 1914 tot 1918 onderwyser verbonde aan die progressiewe humanitêre skool van Professor Jacob (Koos) van Rees (1854-1927)⁷ in Blaricum en Laren. Uiteindelik vestig hy in Sassenheim waar hy op 21 Januarie 1931 op relatiewe laat leeftyd getroud is met Anna Elisabeth Maria Strack van Schijndel (gebore 2 November 1886-?). Die egpaar verhuis in 1939 na Maarn waar Louis in 1943 weens ‘n hartkwaal oorlede is.

As jongste kind van Pieter Cornelis en Johanna Christina, word Carel (Winterswijk, 1 Junie 1880–28 Julie 1956, Breda) in 1880 gebore. Hy het verskillende staatsdiensposte bekleed, onder andere by die “Rijks Verzekeringsbank”. Soos sy broer Louis, is ook hy op ‘n relatiewe laat leeftyd getroud, naamlik in Breda op 19 Mei 1945 met Maria Johanna van den Berg (gebore 30 Mei 1888-?). Ten spyte van sy sterk protestantse jeug word Carel in 1930 Rooms-Katoliek en sterf as laaste oorlewende kind van Pieter Cornelis en Johanna Christina in 1956.

Die onderwerp van hierdie biografiese oorsig, Willem Frederik (1874-1944), het sy vroegste jeug deurgebring in Amersfoort (1874-1880) en Winterswijk (1880-1891).

⁶ Uit ‘n brief, gedateer 23 Maart 1944, aan H.H. van Rooijen (1868-1952), Nederlandse konsul te Bloemfontein van 1932 tot 1941. Van Rooijen is die oupa van die bekende skrywer, Karel Schoeman (gebore 1939) uit wie se boek “Merksteen: ‘n Dubbelbiografie” (1998, Human & Rosseau, Kaapstad) hierdie aanhaling oorgeneem is.

⁷ Jacob (Koos) van Rees (Amsterdam, 16 April 1854-4 Januarie 1928, Hilversum). Was ‘n hoogleraar in histologie aan die Universiteit van Amsterdam en het later kontroversiële standpunte gehuldig as Christen-anargis, humanitêr, drankbetryder en anti-militaris. Hy stig in 1903 sy humanitêre skool op.

Hy voltooi sy skoolloopbaan te Winterswijk waarna hy daar opleiding ontvang in die Christelike Nasionale Schoolonderwys. Hy ontvang eervolle ontslag as “kweekeling” op 26 Mei 1891 en het sedert Oktober 1891 die kwalifikasie, Onderwyser 4de rang, beklee. Dit blyk egter dat hy nie op hierdie stadium die onderwys betree het nie, want met ingang 27 Junie 1891 is hy aangestel as die persoonlike klerk van Jonkheer T.A.J. van Asch van Wijck⁸, die toe pas benoemde Goewerneur van Nederlands Wes-Indië (vandag Suriname), ‘n goeie vriend van sy vader, dus nog voor hy formeel die kwalifikasie van onderwyser ontvang het. In Paramaribo, hoofstad van die teenswoordige Suriname, het hy homself onderskei in die Nederlandse kultuurlewe. So is hy op 5 Mei 1894 benoem tot lid van die bestuur van die “Vereeniging voor Nationale Feesten te Paramaribo”, ‘n posisie wat hy nie lank beklee het nie, want teen einde Mei 1894 het hy sy ontslag geneem as persoonlike klerk van die Goewerneur en kort daarna na Nederland terug gekeer. Terug in Nederland het hy vir ‘n tydperk van 10 maande in 1894/5 gewerk in Utrecht by die Utrechtse Credietbank. Dit blyk uit ‘n getuigskrif wat onderteken is op 25 September 1895 deur Jonkheer G.W.J. Hooft⁹, een van die direkteure van die Bank. Dit blyk dat Willem Frederik hierna ‘n pos aangebied is by die Nederlandse Departement van Kolonies, maar besluit het om eerder saam met ‘n broer van Jonkheer van Asch van Wijk na Suid-Afrika te reis¹⁰. Hulle arriveer in September 1895 in die toenmalige Zuid-Afrikaansche Republiek (Transvaal) (Z.A.R.). Om te voorkom dat hy ‘n tyd lank sonder werk sou wees het hy reeds voor sy vertrek uit Nederland ‘n betrekking aanvaar by die Nederlandsche Zuid-Afrikaansche Spoorwegmaatschappij (NZASM). Op 23 November 1895 begin hy op Waterval-Boven werk as ‘n administratiewe amptenaar vir die NZASM. Reeds gou word hy ‘n lid van die Carolina Vrywilliger Korps en neem deel aan strafekspedisies teen swart stamme, onder andere teen die Swazi opperhoof Bunu¹¹ en in 1898 ‘n militêre ekspedisie teen die Venda stamhoof

⁸ Jonkheer Titus Anthony Jacob van Asch van Wijck (Utrecht, 29 Augustus 1849-9 September 1902, Den Haag). Prominente lid van Nederlandse adel, Burgermeester van Amersfoort (1883), Goewerneur van Suriname (1891-1896) en Minister van Kolonies (1901-1902) in die regering van Abraham Kuyper. Leidende lid van die Anti-Rewolusionêre Party.

⁹ Kon nie geïdentifiseer word nie.

¹⁰ Jonkheer van Asch van Wijck het meer as een broer gehad en dit kon nie vasgestel word saam met watter broer Willem Frederik na Suid-Afrika gereis het nie.

¹¹ Koning Bunu staan ook bekend as Koning Ngwane V en het regeer oor die Swazi's van 1894 tot 1899.

Mpefu¹². Uit dokumente wat bewaar gebly het in die Pretoria argief blyk dit dat Willem Frederik op 13 Maart 1899 aansoek gedoen het tot naturalisasie as burger van die Z.A.R. en dat hy op 25 Julie 1899 'n versoek gerig het tot die verkryging van volle stemreg. Die laaste versoek blyk gebasseer te wees op die feit dat hy krygsdiens verrig het in die ekspedisie teen die reeds genoemde Mpefu en sy stam. Beide hierdie versoeke is toegestaan en in 1899 ontvang Willem Frederik dus eers naturalisasie en later volle burgerskap van die Z.A.R. Die bewaarde argiefgeskrifte omvat notas gemaak deur onder andere F.W. Reitz¹³, destydse staatssekretaris van die Z.A.R. en Jan Smuts¹⁴, toe staatsprokureur. Intussen, met ingang 1 Februarie 1899, begin Willem Frederik te werk as Twaalfe Klerk by die Transvaalse Onderwysdepartement. Sy aanstellingsbrief is op 24 April 1899 (dus reeds enkele maande na sy werksaansname) persoonlik geteken deur President Kruger en die Staatssekretaris, F.W. Reitz.

Oorlogswolke het begin saampak en met die uitbreek van die Anglo-Boere oorlog (1899-1902) sluit Willem Frederik aan by die Hollander Korps waar hy in die derde afdeling (seksie) gedien het. Tydens die Slag van Elandslaagte op 21 Oktober 1899 word hy swaar gewond. Weens bloedverlies verloor hy sy bewussyn en word vir dood aangesien deur die Britse magte maar later, na die herwinning van sy bewussyn, slaag hy daarin om te kruip na die kraal van 'n swart stam in die omgewing. Hier word hy uiteindelik gevind en gevange geneem deur die Britte. Hy is met die Rooi Kruis trein vervoer na Ladysmith waar hy saam met ander gewondes aangehou is in die Nederduits Geformeerde Kerk gebou. Later word hy met mede-krygsgevangenes aangehou in Pietermaritzburg, nog later in Durban en uiteindelik in Simonstad en Groenpunt in Kaapstad. In 1900 word hy met mede-krygsgevangenes as banneling na St Helena in die suidelike Atlantiese Oseaan weggevoer. Willem

¹² Op 16 November 1898 is Mpefu se hoofkraal aangeval onder bevelvoering van Kommandant-Generaal Piet Joubert. Mpefu het ontsnap maar van sy onder-stamhoofte is wel gevange geneem. Die ekspedisie staan ook bekend as die Magato oorlog.

¹³ Francis William Reitz (Swellendam, 5 Oktober 1844-27 Maart 1934, Kaapstad), veral bekend as Staatspresident van die Oranje-Vrijstaat Republiek (1889-1895) en later Staatssekretaris van die Zuid-Afrikaansche Republiek (1898 tot 1902).

¹⁴ Jan Christiaan Smuts (distrik Riebeeck-Wes, 24 Mei 1870-11 September 1950, Doornkloof, Irene). Hierdie legendariese staatsman was in sy lang loopbaan onder andere Staatsprokureur van die Z.A.R., Boeregeneraal ten tye van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en een van die grondleggers van die Unie van Suid-Afrika in 1910. Hy was een van die mees dinamiese maar later onder sy eie volk ook gekritiseerde politici wat Suid-Afrika nog opgelewer het. Hy dien as Eerste Minister op twee geleenthede, 1919 tot 1924 en 1939 tot 1948. Generaal Smuts geniet beide ten tye van sy lewe en na sy afsterwe groot internasionale aansien.

Frederik was met sy aankoms in St Helena nog aan die herstel van sy wonde en het ook aan ingewandskoors gelei. As sulks is hy by aankoms opgeneem in die hospitaal te Jamestown. Sy gawe met tale is mettertyd ontdek (hy kon goed Nederlands, Afrikaans, Duits, Frans en Engels praat) en het as tolk en later ook as voorradeklerk gewerk in die hospitaal tot en met die Vrede van Vereeniging in Mei 1902. Hoewel hy 'n krygsgevangene was, was hy nie in een van die kampe aangehou nie en het redelike bewegingsvryheid gehad op die eiland. Hy het wel gereeld in die kampe gekom en kontak gehou met van die ander krygsgevangenes. In Junie 1902 keer hy terug na Nederland en na 'n aantal maande daar, waar hy veral aktief was om die saak te bevorder van die Nederlanders wat tydens en na die oorlog uit die Transvaal gedeporteer is, keer hy in Februarie 1903 terug na Suid-Afrika. Tydens sy tyd in Nederland was Willem Frederik grotendeels woonagtig by sy broer Piet in Amsterdam.

Na sy terugkeer na Suid-Afrika was Willem Frederik 'n pos aangebied in die staatsdiens maar hy was nie bereid om so kort na die Anglo-Boereoorlog in 'n Brits beheerde koloniale administrasie te dien nie. Hy werk eers tydelik by die Nederlandse konsulaat in Pretoria en was ook vir 'n tyd 'n vennoot in die slaghuis van sy goeie vriend, Leendert Ruijsenaers¹⁵ asook 'n aantal maande tydelik as klerk werksaam by die Nederlandse Bank in Pretoria. Hierna open en bedryf hy 'n winkel by Diepsloot, 'n klein plaasnedersetting tussen Pretoria en Krugersdorp. Dit was in die distrik van die plaas van sy latere swaer, Ockert Oosthuizen (getroud met sy aanstaande vrou se oudste suster). In hierdie tyd het hy by die politiek betrokke geraak en was 'n tyd lank sekretaris van die Pretoria-Suid tak van die Het Volk-party.

Op 7 Maart 1906 is Willem Frederik in Pretoria getroud met Jacomina Frederika Potgieter (Sekekoensberg, 6 Augustus 1881-20 Mei 1908, Diepsloot, distrik Pretoria), 'n dogter van Johannes Petrus Izak Potgieter (distrik Uitenhage, 16 Maart 1842-12 Julie 1933, Machadodorp) (seun van landdros Cornelis Potgieter van Lydenburg) en Johanna Elizabeth Dreyer (Weenen, 25 Julie 1844-25 Januarie 1942,

¹⁵ Leendert Corstiaan Ruijsenaers (Zevenbergen, Noord-Brabant, 19 Oktober 1874-4 Januarie 1954, Pretoria). Is opgelei as slagter in Nederland en arriveer in 1899 in Pretoria. Hy sluit hy aan by die Hollanderkorps en word krygsgevangene tydens die Slag van Elandsplaagte waarna hy as banneling gestuur word na St Helena. Hy vestig uiteindelik weer in Pretoria waar hy 'n slaghuis sou hê.

Machadodorp) van die plaas “Geluk” by Machadodorp. Machadodorp was die laaste regeringsetel in die Z.A.R. van President Kruger en van hier het hy vertrek na Lourenço Marques (tans Maputo) voor sy ballingskapsreis na Europa. In Machadodorp het Izak Potgieter opgetree as ‘n persoonlike lyfwag van die President, terwyl sy eggenote, Johanna, gereeld vir die President brood gebak het. Izak Potgieter, sy vrou en vier van hulle dogters, onder meer Jacomina Frederika, het op 11 September 1900 saam met die President vertrek na Lourenço Marques, maar hom nie vergesel op sy ballingskapsreis na Europa nie. In die destydse Portugees-Mosambiek is hulle geïnterneer en is hulle op 26 Februarie 1901 met die “Benguella” na Portugal gestuur waar hulle die oorlog as geïnterneerdes deurgebring het in die dorp, Caldas da Rainha (beteken “die Koningin se warmwaterbad”), sowat 96 km noord van Lissabon. Na die einde van die oorlog is hulle op 18 Julie 1902 na Lissabon en het hulle op 19 Julie 1902 na Suid-Afrika terug vertrek aanboord van die “Bavarian”. Dit word vermoed dat Willem Frederik en Jacomina Frederika mekaar reeds voor die oorlog geken, maar is eers ondertrou (verloof) op 18 Februarie 1906. Op Woensdag, 7 Maart 1906 is hulle om 10 vm in die Verenigde Kerk te Pretoria in die huwelik bevestig. Die onthaal was op die plaas Rietfontein, wat in die distrik van Pretoria geleë is (rigting Krugersdorp) en behoort het aan hulle swaer, O.D. (Ockert) Oosthuizen. Twee seuns is uit hierdie huwelik gebore, naamlik Willem Frederick (Wim) (Diepsloot, distrik Pretoria, 9 November 1906-20 Julie 1998, Pretoria) en Johannes Jacomina Frederik (Jaco) (Diepsloot, distrik Pretoria, 6 Mei 1908–23 Junie 1966, Pretoria). Kort na die geboorte van Jaco is Jacomina Frederika op 20 Mei 1908 oorlede aan septisemie, ‘n komplikasie wat ontwikkel het kort na die geboorte. Jaco is op die begrafnis van sy moeder gedoop.

As jong werkende wewenaar was dit vir Willem Frederik moeilik om self na sy twee jong seuns om te sien. As sulks het Wim sy vroeë jare op die plaas van sy oom en tante Oosthuizen (suster en swaer van sy moeder) deurgebring en later, as skoolgaande seun, by sy pa in Pretoria gaan woon. Jaco het hoofsaaklik by sy oupa en ouma Potgieter op hul plaas “Geluk” naby Machadodorp grootgeword. Wim sou later as mediese dokter kwalifiseer terwyl Jaco ‘n meer avontuurlustige lewe sou voer as onder andere beroepsjagter, boer in Noord-Rhodesië (tans Zambië) en op ‘n stadium ook Bestuurder van die Sentrale Eksekuteurs Kamer en Trust Maatskappy asook eiendomsagent in Pretoria. Wim is op 20 April 1935 in Johannesburg getroud

met Anna Remertha Hattingh (Sutherland, 10 November 1906-16 Maart 1964, Johannesburg), die dogter van die voormalige Nasionale Party parlamentslid vir Krugersdorp en adjunk-speaker van die parlement, Bernardus Rudolph (Ben) Hattingh (distrik Hofmeyr, 12 Augustus 1880-4 Januarie 1934, Johannesburg) en Elizabeth Hattingh (distrik Tarkastad, 31 Augustus 1880-11 November 1962, Johannesburg). Uit die huwelik van Wim en Remertha is die enigste twee kleinkinders van Willem Frederik gebore, naamlik Marlene Elizabeth (gebore 11 November 1936 te Carolina) en Estelle Remertha (Stella) (gebore 8 Augustus 1945 te Pretoria). Wim is na die dood van Remertha weer getroud, naamlik op 28 November 1964 in Johannesburg met die weduwee, Bernah Wilhelmina Weber (gebore Brummer) (distrik Barkley-Oos, 17 November 1908-14 November 1985, Nelspruit). Jaco was ook twee keer getroud, naamlik eers met Martha Johanna Magdalena (Marthie) du Plooy (vermoedelik distrik Lichtenburg, 13 Oktober 1908–20 Februarie 1952, Pretoria) en later op 11 November 1952 met Aletta Catharina Maria (Lettie) van der Westhuizen (Buffelsfontein, distrik Rustenburg, 1 Januarie 1914-6 September 2002, Pretoria). Geen kinders is uit enige van sy huwelike gebore nie.

Voor die dood van sy vrou was Willem Frederik vir 'n kort tydperk (April tot Oktober 1907) as bedryfsbesuinigingsbestuurder werksaam by die koerant "Land en Volk" in Pretoria. Sy betrekking was egter net tydelik en in 1908 keer Willem Frederik hom tot die onderwys, die beroep waarvoor hy aanvanklik in Nederland opgelei is. Hy was eers 'n tydelike assistent vir 3 maande by die Nietgedacht-skool. In 'n brief geteken deur die skoolhoof, P.J.F. Herbst, word Willem Frederik geprys vir sy harde werk en goeie onderwysvermoë, maar aanbeveel vir 'n pos by 'n ander skool aangesien hulle 'n dame wou aanstel om sodoende 'n man en vrou in diens te hê by die Nietgedacht-skool. Op 30 September 1908 tref Willem Frederik die geluk om 'n aanstelling te kry by die Knoppieslaagte Regeringskool (ook genoem Rietfontein 57-skool) naby die plaas van sy swaer Ockert Oosthuizen. Op 1 Oktober 1908 het hy 'n "Provisional Teacher's Certificate (third class)" van die Transvaalse koloniale onderwysdepartement ontvang (hy sou sy "Teacher's Third Class Certificate" met die byvoeging van "ability to teach Dutch" eers op 19 September 1911 ontvang, hoewel die sertifikaat bepaal dat dit effektief is met ingang 1 Januarie 1911). Op 6 Oktober 1908 het Willem Frederik sy pligte as onderwyser te Knoppieslaagte opgeneem. Hy het van Graad 1 tot Standaard 5 (tans Graad 1 tot Graad 7) onderrig in hierdie

eenmansskool. In inspeksieverslae van die “Pretoria School Board” vir die jare 1909 tot 1912 word Willem Frederik geprys vir sy harde werk en word genoem dat hy ‘n moeilike taak het en die toestande waaronder hy onderwys gee nie van die beste is nie. Tussendeur was Willem Frederik ook Vrederegter in die distrik Pretoria, ‘n aanstelling wat hy op 11 April 1907 ontvang het.

Op 4 Desember 1910 verskyn die eerste uitgawe van die Nederlandstalige weekblad “De Spectator” onder die redakteurskap van Wijncko Stratingh Tresling (1879-1917)¹⁶. Die naam is oorgeneem van ‘n bekende blad in Nederland. Die hoofdoel van die nuutgestigte weekblad was om onpartydige kritiek te lewer op die bestaande toestande asook opvattinge op die politieke en maatskaplike terrein. Dit het ook gestrewe om die belange van die Nederlanders en oud-Nederlanders te behartig en om die bestaande bande tussen Nederland en Afrikaners in Suid-Afrika te versterk. Dit blyk ook dat daar gestrewe was om die vereenvoudige Nederlandse skryfvorm in stand te hou. Dit blyk dat Willem Frederik reeds rond 1912 betrokke geraak het by “De Spectator” en het in 1913, na die aftrede van Tresling weens swak gesondheid, die Redakteurskap van die blad op hom geneem. Onder sy leiding sou “De Spectator” in die tweede helfde van die tweede dekade van die 20ste eeu ‘n aktiewe rol speel om die Afrikanersaak en nasionale beginsels te bevorder en was in die jare besonder krities op die regering van Generaals Louis Botha¹⁷ en Jan Smuts. So het “De Spectator” onder andere grootskaalse publisiteit gegee aan die Rebelle van 1914. Verskeie kere het, tot groot frustrasie van Willem Frederik, berigte wat bedoel was vir publikasie onder die hand van die streng sensuur van daardie jare deurgeloopt.

Saam met die weekblad het Willem Frederik ook ‘n drukkerij bedryf. Op 30 Augustus 1919 het hierdie besigheid (“Spectator Drukkerij en Kantore”) vanaf Pretoria-Wes na Kerkstraat 157 in die middestad van Pretoria verhuis. Volgens ‘n briefie wat

¹⁶ Wijncko Stratingh Tresling (Nederland, ±1879-16 April 1917, Pretoria). Was afkomstig van Hilversum in die provinsie Utrecht in Nederland en arriveer in 1895 in die Transvaal. Was eers redaksielid van die koerant “De Volkstem” maar stig in 1910 die weekblad “De Spectator” waarvan hy hoofredakteur was tot sy uittrede weens swak gesondheid in 1913.

¹⁷ Louis Botha (distrik Greytown, 27 September 1862-27 Augustus 1919, Pretoria), Was ‘n Boeregeneraal ten tye van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) en word die eerste Eerste Minister van die nuutgevormde Unie van Suid-Afrika in 1910, ‘n posisie wat hy beklee tot sy afsterwe op 27 Augustus 1919. In die amp word hy opgevolg deur Generaal Jan Smuts (sien voetnoot 12).

beware gebly het was Willem Frederik en sy oudste seun, Wim, rond hierdie tyd woonagtig in 'n losieshuis te Proesstraat 213, nie baie ver van die besigheid af nie. 'n Ander dokument, die "Prospectus of the Transvaal Pers Beperkt", gedateer 5 Julie 1921 meld egter sy adres as Proesstraat 278.

Intussen het Willem Frederik ook betrokke geraak by die plaaslike politiek en het hy van 28 Junie 1916 tot Oktober 1919 gedien as Nasionale Party lid van die Pretoria Stadsraad. In 1918 was Willem Frederik benoem tot een van die lede van die sogenaamde "Lokale Bestuur Komitee" en het in sy laaste jaar as stadsraadlid (1919) gedien as onderburgermeester van Pretoria. Gedurende hierdie jare, wat oorlogsjare in Europa was, het Willem Frederik grootliks die organisasie behartig van 'n grootskaalse mielie insameling as hulp aan Nederland wat, hoewel neutraal, steeds swaar getref was deur die gevolge van die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) in Europa. Op byna elke spoorwegstasie in die toenmalige Unie van Suid-Afrika is mielies ingesamel wat 'n bedrag van £18 203.6.1 beloop het – 'n aansienlike hoeveelheid geld vir daardie tyd. Die meerderheid van hierdie fondse is soos beoog aangewend om die hongersnood en swaarkry in Nederland te verlig maar 'n bedrag van £200 is aan die Langlaagte weeshuis naby Johannesburg geskenk, asook 'n bedrag van £1608.4.1 aan die boufonds van die Zuid-Afrikaansche Hospitaal in Pretoria. As gevolg hiervan, maar ook ander insette vir Nederland in die jare van die Eerste Wêreldoorlog, is Willem Frederik in 1920 deur Koningin Wilhelmina van Nederland (1880-1962)¹⁸ benoem tot Ridder in die Orde van Oranje-Nassau (sy benoeming is deur Koninklike Besluit No. 51 bekragtig en op 23 Oktober 1920 te Paleis Het Loo, Nederland, deur Koningin Wilhelmina onderteken). Willem Frederik is van sy benoeming ingelig in 'n brief van die Kanselier der Nederlandsche Orden, gedateer 5 November 1920. Hierdie brief, wat in familie besit is, meld onder andere dat hy die Ridderskap ontvang in sy hoedanigheid as sekretaris van die Nederlandse Vereniging te Pretoria en hoofredakteur van die weekblad "De Spectator". Soos

¹⁸ Wilhelmina Helana Pauline Maria (Den Haag, 31 Augustus 1880–28 November 1962, Paleis Het Loo, distrik Apeldoorn), enigste dogter van Koning Willem III van Nederland (1817-1890) en sy tweede eggenote, Prinses Emma van Waldeck-Pyrmont (1858-1934). Sy volg haar vader op as Nederlandse staatshoof na sy dood in 1890 (tot haar 18de verjaarsdag in 1898 onder regentskap van haar moeder) en regeer as vorstin tot haar abdikasie ten gunste van haar enigste kind Juliana (1909-2004) in 1948. Sy is die ouma van die voormalige Nederlandse vorstin, Beatrix (gebore 1938) (Koningin vanaf haar moeder, Koningin Juliana, se abdikasie in 1980 tot haar eie abdikasie in 2013 ten gunste van haar oudste seun) en is dus die oumagrootjie van die huidige Koning Willem-Alexander (gebore 1967).

hierdie brief meld was Willem Frederik naas sy joernalistieke en plaaslike politieke aktiwiteite ook 'n aktiewe lid van die Nederlandse Vereniging in Pretoria en het hy jare as sekretaris gedien (tot 1922 toe hy om persoonlike redes bedank het).

In 1921 stig Willem Frederik die “Transvaal Pers Beperkt”, 'n uitgewers- en drukkersmaatskappy wat verantwoordelik was vir die uitgee van “De Spectator” (volgens 'n ooreenkoms geteken 2 Julie 1921) asook, meer spesifiek, vir die uitgee van die nuutgestigte “Transvaal Post”, 'n tweetalige nasionale dagblad vir die Witwatersrand gebied. Die prospektus van die nuwe besigheid is gedateer 5 Julie 1921 en dit is finaal geregistreer in Augustus 1921. Die eerste direkteure van die nuwe maatskappy het, naas Willem Frederik, ingesluit John Henry Munnik (beskryf as 'n boer van die plaas “Bothashoek”, Dordrecht, Kaapland)¹⁹, Wilhelm Joachim van Zijl (beskryf as advokaat van Johannesburg)²⁰, Johannes Andries Dieperink (beskryf as agent van Krugersdorp – hy was ook op 'n stadium burgermeester van hierdie dorp)²¹ en Christaan Deodatus Goddefroy (seun van die bekende Ds Goddefroy van Pretoria en goeie vriend van Willem Frederik)²² wat saam met Willem Frederik aktief in die besigheid werksaam was.

Die stigting van die maatskappy was hoofsaaklik 'n uitvloeisel van Willem Frederik se strewe om 'n tweetalige dagblad vir die Witwatersrand gebied op te rig om sodoende nasionalistiese (Nasionale Party) beginsels onder hoofsaaklik die blanke mynwerkers te bevorder. Hoewel blanke mynwerkers in Suid-Afrika histories hoofsaaklik Engelsprekend was, was die prentjie aan die verander met die toestroom van Afrikaners na die Witwatersrand na die Eerste Wêreldoorlog. Op Maandag, 13 Februarie 1922 het die eerste uitgawe van “Transvaal Post” in Johannesburg verskyn. Willem Frederik was die hoofredakteur van hierdie dagblad waarvan die hoofkantoor in Pretoria was, maar daar ook 'n tydelike redaksiekantoor in

¹⁹ Hy was ook Nasionale Party parlamentslid vir Brakpan in 1920 en vir Vrededorp van 1921 tot 1930.

²⁰ Waarskynlik die seun van Wilhelm Joachim van Zijl (1879-1918) wie aktief was in die Afrikaner politiek gedurende die eerste dekades van die 20ste eeu. Hy was onder andere eerste sekretaris van die Nasionale Party vir Kaapland maar vestig in 1916 in Potchefstroom waar hy 'n prokureur was tot sy dood.

²¹ Geen besonderhede kon opgespoor word nie behalwe dat hy in 1929 oorlede is nie.

²² Seun van Ds Marius Joseph Goddefroy (1848-1920) en suster van Betsy Goddefroy (1886-1965), een van die eerste vroulike dokters in Suid-Afrika. Sy was ook 'n goeie vriendin van Willem Frederik en het sy seun, Wim, geïnspireer om medies te gaan studeer en 'n dokter te word. Sy het ook na Wim omgesien gedurende sy pa se gevangeneskap in Mosambiek.

Johannesburg voor ingerig is. Reeds gou het die koerant in 'n mate ontwikkel tot die mondstuk van die ontevrede blanke mynwerker. Willem Frederik is spoedig betrek by 'n gebeurtenis wat nie alleen die einde van sy joernalistieke loopbaan veroorsaak het nie, maar ook sou lei tot die bankrotskap en tot niet gaan van sy besigheid. Die gebeurtenis was die mynwerkerstaking van 1922. Soos reeds genoem is "Transvaal Post" opgerig om die blanke mynwerker te ondersteun maar op nasionalistiese en nie kommunistiese grondslae nie. Willem Frederik was sterk anti-kommunisties ingestel maar het simpatie getoon met die stakende mynwerkers na die uitbreek van die opstande in Maart 1922. Uiteindelik sou dit lei dat "Transvaal Post" in terme van die krygswet van 1922 verbied is. Ingevolge die bepalinge van hierdie wet kon Willem Frederik alleenlik voortgaan met sy drukkersbedryf. Hoewel hy geensins direk by die staking betrokke was nie, is Willem Frederik tydens 'n besoek aan Johannesburg in die tyd van die staking gearresteer maar kort daarna vrygelaat omdat daar geen bewyse van sy betrokkenheid by die staking gevind kon word nie. Hy is egter aangeraai om onmiddelik landuit te vlug aangesien die outoriteite besig was om getuienis teen hom te versamel. Saam met sy vriend Chris Goddefroy en 'n onbekende Nederlandse werknemer van hom (sy chauffeur en 'n lino-operateur by die drukkersbesigheid), het Willem Frederik sonder paspoort oor die grens na Lourenço Marques (nou Maputo) in die destydse Portugese kolonie Mosambiek gevlug. Kort na hulle aankoms in Lourenço Marques is hulle op aanklag van onwettige immigrasie gearresteer en het hulle ongeveer drie maande daar in die tronk deurgebring waarna hulle met die bemiddeling van die Britse Konsul hulle vryheid verkry het. Teen daardie tyd het die stof aan die Witwatersrand gaan lê en kon Willem Frederik en sy mede-gevlugtes sonder probleme terugkeer na Pretoria. Intussen, weens sy afwesigheid, het die "Transvaal Pers Beperk" in April 1922 in likwidasie gegaan en het die bankiers van die besigheid, die Nederlandsche Bank, voorloper van die huidige Nedbank, beslag gelê op die bates van die besigheid. Uiteindelik het die besigheid tot niet gegaan en daarmee saam die twee blaaië "De Spectator" en "Transvaal Post".

Teen die einde van 1922 moes Willem Frederik dus 'n nuwe werksheenkome vind en sluit hy in 1923 aan by die "London and Scottish Assurance Corporation Ltd". Vir hierdie maatskappy werk hy aanvanklik in Pretoria maar word die volgende jaar (1924) na Bloemfontein verplaas om as Bestuurder op te tree van die "OFS &

Basutoland Branch". Nie lank voor sy verhuising na Bloemfontein is Willem Frederik op 6 Maart 1924 in Pretoria vir 'n tweede keer getroud, naamlik met Francina Willemina (Minnie) Bosman (sy word soms aangedui as Minnie Francis). Min is oor haar bekend behalwe dat sy van Pretoria afkomstig was en die dogter was van Abraham Johan Bosman (1879-1948) en Johanna Susanna Helena Fischer (1882-1949). Sy was die oudste van vier kinders. Haar geboortedatum is nie bekend nie maar dit moes voor 1903 gewees het toe 'n jonger suster gebore is. Dit klop met die beskrywing van Willem Frederik se oudste seun, Wim, wie haar nie lank voor sy dood in 1998 beskryf het as ongeveer vyf jaar ouer as hy, wat haar geboorte rond 1901 plaas. Nie Wim of Jaco het hierdie tweede huwelik van hulle vader goedgekeur nie en was beslis nie geheg aan hulle "stiefma" nie. In die laat 1930's het Minnie saam met die distriksverpleegster van Aliwal-Noord 'n besoek aan 'n nabyliggende gemeenskap gebring en was hulle in 'n ernstige motorongeluk betrokke. Hiervan het sy nooit ten volle herstel nie en het sy haar laaste jare deurgebring in Pretoria by haar ouerhuis en die geestesinrigting Weskoppies. Dit is onduidelik wanneer sy presies oorlede is. Sy het nog geleef ten tye van die afsterwe van Willem Frederik in 1944, 'n feit bevestig deur sy sterfkennis wat geteken is deur sy seun Jaco op 18 September 1944. Sy testament, gedateer 4 Januarie 1944, bepaal onder meer dat dit sy "uitdruklike wens en begeerte is dat die Meester van die Hooggeregshof 'n Kurator Bonis sal aanstel" oor sy vrou se halwe aandeel in die boedel, spesifiek ten opsigte van die lewenspolis wat deur hom aan haar gesedeer is. Dit vermeld ook dat "sy vrou weens geestelike ongesteldheid nie in staat is om haar eie finansiële sake te behartig nie".

Die "Heilbron Herald" van 21 Augustus 1925 meld dat Willem Frederik 'n inspeksiereis namens die "London & Scottish Assurance Corporation" deur die Vrystaat onderneem met die doel om plaaslike agentskappe in van die groter dorpe op te rig vir die maatskappy. Soortgelyk word ook berig in die Bloemfonteinse koerant "The Friend" van dieselfde datum. In 1928 het Willem Frederik hom aangesluit by die Ou Mutual versekeringsmaatskappy (SA Mutual) en het hy gedien as Assistant-Distriksbestuurder van die Suid-Vrystaat. In Augustus 1933 is hy bevorder tot Distriksbestuurder vir Noordoos-Kaapland met standplaas Aliwal-Noord. Volgens 'n artikel in "Die Volksblad" uit Augustus 1933 (presiese datum onbekend) het Willem Frederik met sy vertrek 'n inkstel met horlosie ontvang as erkenning vir sy

insette vir die maatskappy in Bloemfontein. In 1939 is hy terug verplaas na Bloemfontein waar hy gedien het as 'n Spesiale Verteenwoordiger van die SA Mutual tot sy aftrede in Mei 1943.

In beide Bloemfontein en Aliwal-Noord was Willem Frederik, net soos in Pretoria, aktief betrokke by die kulturele en verenigingslewe. Kort na sy aankoms in Bloemfontein het Willem Frederik aangesluit by die Algemeen Nederlands Verbond (A.N.V.)²³, 'n kultuurvereniging en dien gedurende die vroeë 1930's as ondervoorsitter van hierdie vereniging. Vir die A.N.V. was hy onder andere jaarliks betrokke by die organisering en deelname aan die plaaslike herdenkingsfeesvieringe van Koningin Wilhelmina van Nederland se verjaarsdag. Op 23 Februarie 1929 was hy deel van 'n vergadering wat te Bloemfontein gehou is om 'n Nederlandse Vereniging²⁴ vir die stad te stig. Hy is daartydens verkies tot sekretaris van die nuutgestigte vereniging. Saam met hom het gedien Menere H.F.F. Stutterheim (voorsitter)²⁵, C. Anderson (ondervoorsitter)²⁶, W. Rijs (penningmeester)²⁷, Thomas Blok, A.W. Bohlander, J. Plat²⁸, L.J. Veenstra²⁹, J. Vogelesang, Mev Dr H.J. Steyn en Mej C. Breevoort³⁰. Die vereniging het ten doel gehad om die bande tussen die lede onderling asook die Nederlandse en stamverwante (Afrikaner) kultuur te bevorder. Een van die eerste take van die nuutgestigte vereniging was die restourasie van die ou Raadzaal gebou te St. Georgestraat, Bloemfontein. Daar is ooreengekom dat die binneversiering herstel sou word soos dit sou gelyk het in 1854 toe die saal opgerig is. Vir hulle byeenkomste het die Nederlandse Vereniging die saal langs die ou Raadzaal, die sogenaamde Museumsaal, verkry. Hierdie saal is in

²³ Kultuurvereniging wat opgerig is in 1895 om die Nederlandse taal en kultuur te bevorder en onderlinge samewerking te kweek tussen Nederland, Vlaandere (België) en Suid-Afrika.

²⁴ In Pretoria was Willem Frederik ook 'n aktiewe lid van die Nederlandse Vereniging en was sekretaris daarvan tot 1922.

²⁵ Sy doodsberig wat verskyn het in die Den Haagse koerant "Het Vaderland" op Maandag, 5 Januarie 1931 beskryf hom as 45 jaar oud ten tye van sy afsterwe en sy beroep as "Directeur van de Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika te Bloemfontein (OVS).

²⁶ Kon nie geïdentifiseer word nie.

²⁷ Waarskynlik Wilhelmus Lodewijk Rijs (1900-1959), gebore in Maasniel, Nederland en oorlede te Nylstroom.

²⁸ Thomas Blok, A.W. Bohlander en J. Plat kon nie nader geïdentifiseer word nie.

²⁹ Linze Jans Veenstra (Beets, Friesland, 19 Julie 1887-20 September 1952, Pretoria). Arriveer in 1909 in Suid-Afrika. Vanaf 1916 lektor aan die Landbou Kollege Glen en vanaf 1925 tot 1929 Suiwelbeampte te Bloemfontein. Hy was later Superintendent van Suiwel vir die Departement Landbou.

³⁰ J. Vogelesang, Mev Dr H.J. Steyn en Mej C. Breevoort kon nie nader geïdentifiseer word nie.

‘n oud-Hollandse styl van die 17 de eeu (tyd van Jan van Riebeeck) versier. Van ongeveer 1931 tot en met sy vertrek na Aliwal-Noord in 1933 het Willem Frederik gedien as ondervoorsitter van hierdie vereniging.

In 1929 was Willem Frederik aktief betrokke by die 30-jarige herdenking van die Slag van Elandslaagte. Reeds in Pretoria, rond 1918, het hy gehelp om ‘n Bond van Oud-Stryders op te rig en het hy altyd die belange van mede-oudstryders uit die Anglo-Boere oorlog ter harte gedra. Met die 30-jarige herdenking van die veldslag waarin hyself gewond was, het Willem Frederik weereens sterk meegewerk om die herdenkings wat gehou is in Bloemfontein ‘n sukses te maak. Hierdie herdenkings het onder andere plaasgevind in die vorm van ‘n kranslegging wat gehou is op 21 Oktober 1929, presies 30 jaar na die veldslag, by die N.G. Kerk (Tweeteringkerk) in Charlesstraat, Bloemfontein. Willem Frederik was een van die sprekers, die ander was G.J. Otto (±1880 - ?), ‘n mede oudstryder van Elandslaagte, wat op daardie stadium Inspekteur van Arbeid in die Vrystaat was³¹. ‘n Ander oud lid van die Hollanderkorps, E.C.N. van Hoepen (1886-1966)³² was ook teenwoordig by die geleentheid. Self het hy nie deelgeneem aan die veldslag nie (dit het plaasgevind ‘n paar weke voor sy 15de verjaarsdag), maar was as Direkteur van die Nasionale Museum in Bloemfontein ‘n prominente inwoner van die stad en as sulks ‘n gesiene gas by die geleentheid.

Willem Frederik was voorts ook aktief betrokke by die amateur toneellewe van Bloemfontein. Op 31 Augustus 1931, ter herdenking van die viering van die geboortedag van Koningin Wilhelmina van Nederland, het hy deelgeneem aan ‘n Nederlandse klugspel, “Er in gelopen”³³ waarin hy die rol gespeel het van Sersant van der Knoop. In 1933 het hy vir die Nederlandse Vereniging en Algemeen Nederlands Verbond die regie en dekor behartig van ‘n grootskaalse opvoering van “Joan Woutersz”, die nogal ingewikkelde historiese stuk van die 19de eeuse

³¹ Kon nie nader geïdentifiseer word nie.

³² Egbert Cornelis Nicolaas van Hoepen (Vlissingen, Zeeland 10 November 1884-2 Mei 1966 Edenvale, Johannesburg). Gebore in Vlissingen, Zeeland. Immigreer in 1895 saam met sy ouers na die Transvaal. Sluit as jong seun in 1899 by die Hollanderkorps aan, word gevang en in 1900 na Nederland gedeporteer. Daar studeer hy in Delft en behaal sy doktorsgraad in mineralogie. Keer terug na Suid-Afrika en werk as paleontoloog verbonde aan die Transvaal museum in Pretoria (1910-1921) en word daarna Direkteur van die Nasionale Museum te Bloemfontein (1922-1950).

³³ Geen inligting oor kon oor die toneelstuk of opvoering gevind word nie.

Nederlandse skrywer, H.J. Schimmel³⁴. Dit is opgevoer ter herdenking van die 400 ste geboortedag van Prins Willem van Oranje (Willem de Swijger) (1533-1584)³⁵ te herdenk. By twee geleenthede (24 April 1933 en 15 Junie 1933) is hierdie stuk met groot sukses in die Grand Teater, Bloemfontein opgevoer. Die spelers het onder andere ingesluit: Dr E.C.N. van Hoepen³⁶, Mej. Annie C. Snoek³⁷ en Mnr C. de Wet Marais³⁸ in die titelrol. Volgens 'n berig uit "Die Volksblad" van 25 April 1933 is die geleentheid bygewoon deur 'n "uitgelese gehoor" wat ingesluit het die Administrateur van die Oranje-Vrystaat³⁹, Appèlregter F.W. Beyers⁴⁰, Dr N.J. van der Merwe⁴¹ en die Burgermeester van Bloemfontein⁴².

In sy jare in Bloemfontein was Willem Frederik voorts ook 'n aktiewe lid van die Bloemfonteinse Kultuurraad en Kultuurdagkomitee. Sy betrokkenheid op kulturele terrein het hy voortgesit na sy verhuising na Aliwal-Noord. Op hierdie dorp was hy verantwoordelik vir die stigting van 'n tak van die Algemeen Nederlands Verbond (A.N.V.). In 1935 was hy die dryfkrag agter die opvoering van "Susanna Reyniers", 'n

³⁴ Hendrik Jan Schimmel ('s-Gravenland, 25 Junie 1823-14 November 1906, Bussum), Nederlandse dramaturg en skrywer. Hy was veral bekend vir sy historiese drama's waarvan Joan Woutersz (1847) 'n voorbeeld is. Hierdie toneelstuk, wat afspeel in die tyd van Prins Willem van Oranje, vestig sy naam as dramaturg. Later het hy ook romans geskryf maar sy eerste liefde was die toneelkunde. Hy was dan ook jare lank voorsitter van die vereniging "Het Nederlandsch Tooneel".

³⁵ Prins Willem van Oranje (Dillenburg, 24 April 1533-10 Julie 1584, Delft), "die vader des vaderlands" van Nederland was die grondvestiger van Nederland as 'n onafhanklike land en staat. Die Nederlandse koningshuis, die Huis van Oranje-Nassau, stam van hom af en sy nasaat, Koning Willem-Alexander (gebore 1967) is huidiglik die Nederlandse vors en staatshoof.

³⁶ sien voetnota 32.

³⁷ Waarskynlik 'n familielid, moontlik 'n dogter van D.C. Snoek wat gewoon het te Eerstelaan 22 in Bloemfontein. Willem Frederik was goed bevriend met die familie Snoek. Dit word vermoed dat hy, Minnie en Wim (voor hy Johannesburg toe is) by die Snoeks geloseer het, waarskynlik in buitekamers. Die huis het nog bestaan in 1998 maar is kort daarna afgebreek. Dit het gelyk of daar twee wonings op een erf was ('n hoofwoning en 'n kleiner woning) wat die vermoede bevestig dat Willem Frederik en sy gesin dalk in een gedeelte woonagtig was. Sy seun Wim het gemeld dat hul geloseer het by die Snoeks. Sy jonger broer Jaco het ook op 'n stadium in Bloemfontein gewoon, waarskynlik by sy pa.

³⁸ Hy was getroud met Annie Snoek en het later ook rolle vertolk in vroeë Afrikaanse films soos Geboortegrond (1946) en Pikkie se Erfenis (1946).

³⁹ Charl Theodorus Muller Wilcocks (Graaff-Reinet, 9 Augustus 1861-14 November 1936, Bloemfontein), sakeman, politikus en Administrateur van die Oranje-Vrystaat provinsie van 1929 tot sy dood in 1936.

⁴⁰ Frederick William Beyers (Paarl, 15 Oktober 1867-15 September 1938, Muizenberg). Nasionale Party Parlements lid en Minister, later, vanaf 1932 tot 1937 Appèlregter.

⁴¹ Nicolaas Johannes (Nico) van der Merwe (Senekal, 17 Februarie 1888-11 Augustus 1940, Bloemfontein), godsdiensteier, kultuurleier, politikus en stoere Afrikaner nasionalis. Hy was ook bekend as 'n skoonseun van President M.T. Steyn, laaste staatspresident van die Oranje Vrystaat Republiek (hy was getroud met Tibbie, die derde oudste van die dogters van President en Mevrou Steyn).

⁴² Sover dit vasgestel kon word was dit Mnr J.B. Dersley op daardie stadium. Geen verdere inligting kon egter gevind word nie.

toneelstuk geskryf deur Prof. A. Francken⁴³, 'n bekende oud-professor van die toenmalige Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (tans Universiteit van die Vrystaat). Hierdie komiese toneelstuk in drie bedrywe is met groot sukses opgevoer in die Bijoe Teater in Aliwal-Noord. Van die spelers het ingesluit: S. du Plooy, H. Smit in die titelrol, F. Vos, L. van der Berg en J.S. Smit⁴⁴. Soos by "Joan Woutersz" was Willem Frederik verantwoordelik vir die regie en het hy ook die dekor geskilder.

Volgens 'n artikel in "Die Volksblad" van Februarie 1938 (presiese datum onbekend) was Willem Frederik nou betrokke by die feesviering gehou in Bloemfontein om die geboorte van Prinses Beatrix van Nederland (gebore 31 Januarie 1938)⁴⁵ te herdenk. Hierdie viering is gehou in die Queen's Hotel te Bloemfontein waar Willem Frederik saam met 'n "geselskap" opgetree het as verteenwoordiger van die Algemeen Nederlands Verbond van Aliwal-Noord. Hierdie geleentheid is ook bygewoon deur Jonkheer W.F. van Lennep (1894-1950)⁴⁶, die gesant (ambassadeur) van Nederland in Suid-Afrika. Dit was ook sy eerste amptelike besoek in daardie hoedanigheid aan Bloemfontein. Die program vir die aand is geopen deur Mnr H.H. van Rooijen, Nederlandse Konsul in Bloemfontein⁴⁷, terwyl Dr van Rensburg⁴⁸, die Administrateur van die Oranje-Vrystaat, 'n heildronk op die prinses ingestel het. Daar word berig dat Willem Frederik die gelukwense oorgedra het van die Afrikanervriende van Aliwal-Noord, Burgersdorp en Rouxville. Saam met

⁴³ Adriaan Francken (Wijdewormer, Noord-Holland, 20 Februarie 1860-15 April 1949, Bloemfontein). Bekend as dramaturg en kultuurleier. Was jare werksaam aan die toenmalige Grey Universiteitskollege en latere Universiteitskollege van die Oranje-Vrystaat (voorlopers van die huidige Universiteit van die Vrystaat), eers as akademikus (geskiedenis en letterkunde) en later bibliotekaris tot sy aftrede in 1939. Sy blyspel *Susanna Reyniers* dateer uit 1908 en speel af in die tyd van Jan van Riebeeck. Dit was een van die eerste toneelstukke wat in Afrikaans geskryf was.

⁴⁴ Geen van die persone kon nader geïdentifiseer word nie.

⁴⁵ Beatrix Wilhelmina Armgard (Paleis Soestdijk, Utrecht, 31 Januarie 1938), Nederlandse vorstin en staatshoof vanaf 30 April 1980 tot haar abdikasie op 30 April 2013 toe sy deur haar oudste seun, Willem-Alexander, opgevolg is. Haar geboorte was die eerste koninklike geboorte in Nederland sedert die van haar moeder, Juliana, in 1909.

⁴⁶ Jonkheer Willem Frederik van Lennep (Amsterdam, Noord-Holland, 1894-3 April 1950, Kopenhagen). Werk in die Nederlandse diplomatieke diens in verskeie Europese stede. Arriveer in 1931 in Pretoria en dien as gesant (ambassadeur) van Nederland in Suid-Afrika van 1937 tot 1945. Hy was so geliefd in Pretoria dat die Van Leppenstraat in die middestad van Pretoria na hom vernoem is. Hy sterf tydens sy termyn as Nederlandse gesant in Kopenhagen, Denemarke.

⁴⁷ Henderikus Hermanus van Rooijen (Emmen, Drenthe, 21 Desember 1868-17 Desember 1952, Bloemfontein). Hy arriveer in 1897 in die Transvaal maar woon vir die grootste deel van sy lewe in Bloemfontein waar hy Konsul van Nederland was van 1932 tot 1942. Sien ook voetnota 6.

⁴⁸ Johannes Frederik Jansen (Hans) van Rensburg (Winburg, 24 September 1898-25 September 1966, Kaapstad). Administrateur van die Oranje-Vrystaat provinsie van 1936 tot sy bedanking in 1940 waarna hy hoofleier was van die Ossewa-Brandwag, begin as 'n Afrikaner kultuurbeweging maar later kontroversieel sterk polities van aard aangesien dit tekens gewys het van 'n Nazi-geïnspireerde beweging vir die bevordering van Afrikaner nasionalisme.

ander lede van sy afvaardiging het hy sang en voordragitems gelewer, onder andere een getitel “Die Koerantleser”, ‘n komiese sangstuk wat hy en Mnr T.A. Kruger⁴⁹ opgevoer het. Volgens “Die Volksblad” van 10 Februarie 1938 was Willem Frederik ook betrokke by die vieringe gehou te Aliwal-Noord deur die hys van ‘n Nederlandse vlag met oranje wimple, soos die tradisie is met vieringe wat te doen het met die Huis van Oranje, asook die ondertekening van ‘n adres en stuur van telegramme van gelukwensing aan die konsul van Nederland in Kaapstad, die gesant in Pretoria en die konsul in Bloemfontein.

Later in 1938 was Willem Frederik voorsitter van die feeskomitee van Aliwal-Noord wat die Groot Trek herdening (1838-1938) vir die dorp gereël het. Sy naam pryk op ‘n gedenkplaat by die Voortrekkersdrifgedenkteken waar die Kakebeen Ossewaherdenkingstrek op 13 Oktober 1938 oor die Oranjerivier naby die dorp gegaan het. Die gedenkteken was onthul deur Advokaat E.G. Jansen⁵⁰ wie later Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika was. Voor sy terugverhuising na Bloemfontein was Willem Frederik ook verantwoordelik vir die verf van die dekor van die stadsaal van Aliwal-Noord.

In 1939 is Willem Frederik terugverplaas na Bloemfontein en het hy weereens insette begin lewer in hierdie stad. Met die Duitse inval in Nederland op 10 Mei 1940 tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945), het Willem Frederik onmiddelik werk gemaak vir die stigting van die “OVS Steunfonds vir Nederland”. Die Nederlandse Konsul, H.H. van Rooijen het gedien as voorsitter en Willem Frederik as Sekretaris. As deel van die fondsinsamelings is daar op 21 Junie 1940 in die stadsaal van Bloemfontein ‘n “Groot Bazaar en Hollandse Kermis” ten bate van die noodlydendes in Nederland gehou. Dit het plaasgevind onder die beskerming van die toenmalige Administrateur van die Oranje-Vrystaat, Dr J.F.J. van Rensburg⁵¹.

In 1943 stig Willem Frederik die Vrystaat Amateur Toneelgenootskap (V.A.T). Op Dinsdag, 6 April 1943 het daar in die stadsaal van Bloemfontein ‘n groot opvoering

⁴⁹ Kon nie geïdentifiseer word nie.

⁵⁰ Ernest George Jansen (Strathearn, Dundee, Natal, 7 Augustus 1881-25 November 1959, Pretoria). Politikus, parlamentslid, minister, Speaker van die parlement, kultuurleier en Goewerneur-Generaal van Suid-Afrika van 1950 tot sy dood in 1959.

⁵¹ Sien voetnota 48.

van Prof. Francken se “Susanna Reyniers” plaasgevind, dieselfde toneelstuk wat Willem Frederik met soveel sukses 8 jaar te vore in Aliwal-Noord ten opvoering gebring het. Weereens het hy die regie behartig maar is die keer bygestaan deur Jas J. Broodryk⁵², ‘n lektor, destyds verbonde aan die Normaalkollege van Bloemfontein. Hierdie keer het die opvoering plaasgevind onder die beskerming van die “Bloemfonteinse Skakelkomitee vir Afrikaanse Kultuurliggame” en Bloemfonteinse afdeling van die Algemeen Nederlands Verbond en het ‘n drieledige doel gehad: om die Afrikaner publiek van Bloemfontein aan te moedig om Jan van Riebeeck-dag te herdenk; om fondse in te samel vir die Afrikaanse Mediese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria; en om die Afrikaner publiek van Bloemfontein aan te moedig om die plaaslike toneellewe te ondersteun. Die hoofrolle was vertolk deur Jac J. Waldeck, Dora Raubenheimer-Snoek, Dolly Waldeck-Botes, H.J. Moolman en W.J. van Rooijen⁵³. Soos beoog was, is alle opbrengste geskenk aan die Afrikaanse Mediese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria.

Teen hierdie tyd was Willem Frederik ‘n man van 69 jaar en het sy kragte begin afneem. In die middel van 1943 tree hy af en neem afskeid van Bloemfontein waarna hy verhuis na Pretoria. Hier was hy woonagtig by sy jonger seun Jaco en sy vrou Marthie wie op daardie stadium gewoon het te Brookstraat 281, Brooklyn, Pretoria. Hy was ook by tye woonagtig by sy oudste seun Wim en die se gesin wie toe gewoon het by die Van Ryn Deep goudmyn by Benoni. Sy kleindogter Marlene onthou hom veral vanuit hierdie tyd, onder meer dat hy dikwels ‘n jas gedra het en graag vir haar prentjies geteken het. Wim en sy gesin het rond die jaarwisseling 1943/1944 ook na Pretoria verhuis en die bedoeling was dat Willem Frederik by hom en sy gesin sou kom woon. Dit was egter oorlogsjare en behuising was skaars. Om te verhoed dat ‘n nie te gesonde man voortdurend van huurhuis tot huurhuis moes trek is daar besluit dat Willem Frederik vir eers by sy jonger seun Jaco sou aanbly. Vroeg in die nuwe jaar het sy gesondheid drasties agteruit gegaan maar Willem Frederik slaag tog daarin om sy herinneringe neer te pen. Willem Frederik sterf aan

⁵² Waarskynlik Jas J. Broodryk wie ‘n lid was van die Oranjeklub, ‘n teatervereniging in Kaapstad waar hy gespeel het in en ook die regie behartig het van verskeie produksies. ‘n Jas J. Broodryk is begrawe te Bellville en het geleef van 1901 tot 1973. Dit is waarskynlik dieselfde persoon.

⁵³ Die persone kon nie nader geïdentifiseer word nie maar Dora Raubenheimer-Snoek was waarskynlik ‘n lid van die Snoek familie met wie Willem Frederik goed bevriend was (sien voetnota 37). W.J. van Rooijen was moontlik verwant aan die Nederlandse Konsul, H.H. van Rooijen (sien voetnota 47) wie se vader se voorletters ook W.J. was.

huis van sy seun Jaco op Dinsdag, 22 Augustus 1944 in die ouderdom van 70 jaar en enkele maande. Hy is begrawe op Donderdag, 24 Augustus 1944 in die Rebeccastraat begraafplaas, Pretoria.

So eindig die lewe van 'n man aan wie “Die Volksblad” van Woensdag, 27 Desember 1944 hulde gebring het met die volgende woorde:

“Stil van aard, was wyle Willem Frederik Mondriaan 'n man van die daad. Sy suksesse, sy nederlae en sy prestasies het hy met 'n sin vir humor beskou. Uit sy lewe kan menige bladsy oorgeneem word deur persone wat eerlik meen om ons volksaak te bevorder.”

Bibliografie

Naas die gemelde bronne en koerantberigte het die volgende bronne inligting verskaf vir die samestelling van hierdie biografiese oorsig.

Beyers, C.J. (Hoofredakteur): *Wilcocks, Charl Theodorus Muller* uit *Dictionary of South African Biography Volume III*, bladsy 844-845 (1977, Tafelberg Uitgewers, Cape Town)

Beyers, C.J. (Hoofredakteur): *van Rensburg, Johannes Frederik Janse (Hans)* uit *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel IV*, bladsy 747-749 (1981, uitgegee vir Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing deur Butterworth & Kie (SA) (Edms) Bpk, Johannesburg)

Beyers, C.J. (Editor-in-Chief): *Munnik, George Glaeser* uit *Dictionary of South African Biography Volume IV*, page 382-383 (1981, published for the Human Sciences Research Council by Butterworth & Co (SA) (Pty) Ltd, Durban and Pretoria)

Beyers, C.J. (Editor-in-Chief): *Jansen, Ernest George* uit *Dictionary of South African Biography Volume V*, pages 378-382 (1987, Human Sciences Research Council, Pretoria)

Beyers, C.J. (Hoofredakteur): *Mondriaan, Willem Frederik* uit *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel V*, bladsy 549-550 (1987, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria)

Beyers, C.J. (Editor-in-Chief): *van Zijl, Wilhelm Joachim* uit *Dictionary of South African Biography Volume V*, pages 833-834 (1987, Human Sciences Research Council, Pretoria)

Blotkamp, C.: *Mondriaan – Destructie als kunst* (1994, Waanders Uitgevers, Zwolle)

Bosman, Isak – brief gedateer 12 Januarie 2010 rakende inligting oor Minnie Bosman, tweede eggenoot van Willem Frederik

Cameron, T. (Hoofredakteur): *Nuwe Geskiedenis van Suid-Afrika – Hersiene Uitgawe* (1991, Human & Rousseau, Kaapstad & Johannesburg en Southern Boekuitgewers, Johannesburg)

De Kock, W.J. (Hoofredakteur): *Francken, Adriaan* uit *Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek Deel I*, bladsy 313-314 (1968, uitgegee vir die Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing, Departement van Hoër Onderwys deur Nasionale Boekhandel Beperk, Kaapstad)

De Kock, W.J. (Editor-in-Chief): *Reitz, Francis William* uit *Dictionary of South African Biography Volume II*, bladsy 577-585 (1972, Tafelberg Uitgewers, Kaapstad en Johannesburg)

Fasseur, C: *Wilhelmina De Jonge Koningin* (1998, Uitgeverij Balans, Nederland)

Ferreira, O.J.O.: *Krijggevangenschap van L.C. Ruijsenaers 1899-1902* (1977, Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing, Pretoria)

Ferreira, O.J.O.: *Viva Os Boers! Boeregeïnterneerdes in Portugal tydens die Anglo-Boereoorlog, 1899-1902* (2000, Protea Boekhuis, Pretoria)

Henkels, H: *Mondriaan in Winterswijk* uit *Mondriaan – from figuration to abstraction* (1987, The Tokyo Shimbun)

Internetbron: <http://www.dbnl.nl/tekst/bork001nede01/schi018.htm> vir inligting oor H.J. Schimmel

Internetbronne: <http://www.genealogieonline.nl>; <http://www.geni.com> en <http://www.langenberg-laagland.com> vir Mondriaan en verwante familie inligting asook inligting oor enkele ander persone

Internetbron: <http://www.sahistory.org.za> vir inligting oor verskeie Suid-Afrikaanse historiese gebeurtenisse

Internetbron: http://en.wikipedia.org/wiki/Titus_van_Asch-van_Wijck vir inligting oor T.A.J van Asch van Wijck

Internetbron: <http://members.iinet.net.au/~royalty/states/southafrica/swaziland.html> oor die Swazi koning/opperhoof Bunu (Ngwane V)

Internetbron: <http://nl.wikipedia.org> vir inligting oor die Algemeen-Nederlands-Verbond en Jacob van Rees

Mali, A., Booij, B. & Scholtz, W.: *Pieter Cornelis Mondriaan Senior 1839-1921 Een gedreven vader* (1994, Stichting Mondriaanhuis Amersfoort & Vereniging Het Museum Winterswijk, Nederland)

Meijer, R: "PC Mondriaan Senior – Onderwijzer, Partijman, Tekenaar" uit *Mondriaanhuis Museumbrief* (Jaargang 14, Nommer 40, Mei 2004)

Mondriaan, Jacomina Frederika: *Boedel 12202 (1908)*, Pretoria Argief

Mondriaan, Willem Frederick (junior): *Video opname van gesprek tussen W.F. Mondriaan junior en sy dogter Estelle*, opgeneem te Faerie Glen, Pretoria in Oktober 1993.

Mondriaan, Willem Frederik: *Brief aan Piet Mondriaan, ongeveer Junie 1943* (uit persoonlike argief van Piet Mondriaan in besit van die Rijksbureau voor Kunsthistorische Documentatie (RKD), Den Haag, Nederland)

Mondriaan, Willem Frederik: *Boedel 4592/44 (1944)*, Pretoria Argief

Mondriaan, Willem Frederik: *Plakboek met diverse historiese stukke en inligting*. Tans in besit van sy kleindogter, Mev. E.R. Bosch, Port Elizabeth.

Ploeger, J.: *Nederlanders in Transvaal* (1994, J.L. van Schaik Uitgewers, Pretoria)

Ploeger, J.: *W.F. Mondriaan joernalis en kultuurleier* in *Lantern*, September 1971.

Schoeman, K.: *Merksteen: 'n Dubbelbiografie* (1998, Human & Rousseau, Kaapstad)

Seuphor, M.: *Piet Mondrian – Life and Work* (Sonder datum, Uitgeverij Contact, Amsterdam).

Versteeg, C met medewerking Herbert Henkels, Haags Gemeentemuseum: *Mondriaan – Een leven in maat en ritme* (1988, SDU Uitgeverij, 's-Gravenhage)

Wood, V.C.: “Mondrian” in *Lantern*, September 1975